HOEKOM FIKS WEES ? (DEEL 2) Uit John se Brentonpen

Enkele uittreksels uit Deel 1:

- Dit is lekker om fiks te wees. Hieroor sal oud en jonk nogal kan saamstem.
- Fiksheid beskik seker oor die een of ander bekoring, uitdaging of is daar ’n geheime beloning?
- Dit gaan eintlik oor die eindstreep en triomfeer. Daar is niks mee verkeerd nie.
- Nou wonder ek oor christenskap. Is die burgerskap in en ’n eersteklas sitplek hemel toe soort van gewaarborg?
- Hoe lyk die prys of beloning (vir al my moeite)? Gaan die einddoel so ’n keuse die moeite werd maak.
- Die vraag is eintlik: “Is ek fiks genoeg om my roeping as christen met vertroue aan te durf?”
- Dalk moet ons ’n oefenplan uitwerk. Die “**G.L.O.E.D**.” program behoort te verseker dat jy en ek fiks genoeg raak om christenskap uit te leef,

Deel 2.

Die program kan oral uitgevoer word, as jy reis, waar jy ontspan, oefen, inkopies doen, werk, kuier... daar is geen grense. Of net die wat jy opstel. Is dit bekostigbaar, wat word verwag? Dit hang van jou prioriteite af, hoe ernstig jy is. Kan jy bekostig om niks te doen nie as duistere en gewetenlose magte jag maak op dit wat vir jou kosbaar is ?

Wat behels die “**G L O E D**” program en hoe help dit my om christenfiks te raak. Lees net wat volg, oefen dit waar jy kom, aanhouer wen... en glo. **GLOED** gee ’n formule, die toewyding of verbintenis is jou keuse as jy jou vermoë wil verskerp om ’n verskil te maak.

Geloof, gebed. “Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, en oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.” Lees dit weer! Hoe fiks is jou geloof? Geloof beteken vertrou God heeltemal, algeheel, dat Hy vir jou sal sorg en vir jou voorspoed beplan. Glo dit. As jy twyfel, halfhartig optree en bang is dan wantrou jy eintlik vir Hom. Bou ’n verhouding met die Here, nader tot Hom in gebed. Maak van gebed ’n spesiale geleentheid om met die Here in gesprek te tree en die Heilige Gees sal jou ondersteun en bemoedig. Klink dit vergesog, effe ‘pie in the sky’? ’n Atleet moet hard oefen om ’n medalje te verower, om te groei in geloof vra oefening. Gebed is nie net die aframmel van ’n wenslys nie en dan mor as die ‘luxuries‘ nie kom nie. Dit is ’n lewenswyse waar

gelowiges die ongewone kan vermag. Die gesegde sê geloof is die stuurwiel nie net ŉ spaarwiel nie.

Leer ken die Bybel. Dis ŉ lewensbron wat ons aardse reis aanvul met wysheid, waarheid, riglyne, raad en beloftes. Bestudeer die Woord, dit gee moed en inspireer. Ons leer van God se liefde, hoe ons vrygekoop en ons sondes vergewe word. Met meer kennis is jy beter toegerus om versoeking en satan se bose planne te fnuik en vir ander tot hulp en aansporing te dien.

Omgee. Nie net shame en siestog nie. Dit hoef nie altyd geld te vra nie – te dikwels probeer ons met geld regmaak net om te ontsnap. Gee werklik om – gee van jouself. Beproef jou talente, vaardighede, instinkte om ŉ verskil te maak. Doen iets, help, bid, gee raad, maak ŉ plan, bemoedig, vertroos, huil saam. Oefen jou glimlag. Terloops hoeveel keer deel jy dit uit per dag ? **Vriendelikheid** is nie uitsoekerig, spandeer dit op almal. Dit sluit die petroljoggie in, die persoon agter die toonbank of op die 'till'. Die stadige vreemde registrasie motor wat jou ophou en die gryskop wat sy stuurwiel en ŉ paar padreëls verwurg. Almal is mense, elk met sy eie dinge, kleinode, bekommernis, pyne en verwagtinge. Bedaar, word rustig. Ongeduld, jou 'cool' verloor, swets is dikwels tekens van innerlike storms en wanhoop wat tot uitbarsting kom en jou vrede skaak. **Vrede**, omgee, **liefde** vir ander verg ŉ hartsverandering wat met oefening meer sigbaar word in die gesindheid wat ons uitstraal.

Eer van God. Word daar in ons suksesse, prestasies, bates erkenning gegee aan die Here as die Gewer van alles. Wat ons bereik, besit spruit uit Sy genade. Aan Hom kom toe die eer en dank daarvoor. Wonder ons oor die meriete van ŉ saak – die keuse word duideliker as ons bepaal of die uitkoms tot Sy eer sal strek. Wees **nederig**. So dikwels is mens geneig om hoogmoedig, astrant, aanstellerig te wees. Ons Skepper het ander se voete gewas! Oefen om nederig te wees. Die Here verneder die hoogmoediges maar aan die ootmoedige skenk Hy genade en eer. Oorwin daai belangrike eie ek, nie alleen kortwiek jy selfsug nie maar dit versterk jou kanse om fiks te word. Rykdom en medaljes bly eendag agter, maar ons voorbeeld nou, kan ŉ verskil maak aan die aantal dierbares om Sy troon versamel.

Doen soos Jesus dit sou doen. Kennis van die Bybel leer ons hoe Jesus gereageer, gepraat en gedoen het. Volg Jesus se voorbeeld. Toe Hy geslaan, gespot, gekruisig is het hy met ŉ gees van deernis, **gehoorsaamheid** en met vergifnis geantwoord. As ek en jy in ŉ situasie beland wat ons optrede onseker maak, besluit dan wat sou Jesus gedoen, gesê of gemaak het. Sy voorbeeld gee ŉ voorsprong... oefen om al meer so te handel. Besef ons ooit die prys wat Hy vir jou en my sonde betaal het. Dat Hy daagliks gereed is om ons sondes te vergewe, ons vry te maak. Is ons bewus van al die seëninge wat uitgestort word. Of dink ons dit moet so wees, dit is ons reg. Die oorgewig van klagtes en onvergenoegdheid in ons lewens verdien ŉ strawwe dieet en selfondersoek. Ons het baie om voor **dankbaar** te wees, kom laat ons Hom loof en prys.

Hierdie oefenprogram slaag as geloof jou lewe rig, ander se geluk belangriker raak en jou voorbeeld mense na die lig begelei. Eendag as jy en ek die eindstreep bereik, die wedloop voltooi, begin 'n triomftog sonder gelyke saam met Hom aan wie behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Open: 3 verse 20, 21